55 (55) 501

JOSEPH [illegible]

Verklaar onder eed,

Ek is 'n Luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te John Vorsterplein en verbonde aan die Veiligheidstak Johannesburg.

Op Saterdag 1982-01-30 was ek aan diens vanaf 16h00 en gemoeid met die ondervraging van [illegible] AGGETT. Saam met my aan diens was Speurder Adjudant DEETLEFS en Luitenant WHITEHEAD wie ook aan die ondervraging deelgeneem het.

Die ondervraging het geduur vanaf 16h00 tot ongeveer 23h00 waartydens AGGETT deurentyd op 'n stoel gesit het. Hy het ook verskeie kere saam met ons tee en koffie gedrink.

Om ongeveer 23h00 is AGGETT toegelaat om te slaap op 'n kampbed in kantoor nommer 1020. Teen ongeveer 03h00 is hy wakker gemaak en ek en Luitenant WHITEHEAD het hom toe na John Vorsterpleinselle geneem waar hy om 03h30 opgeneem is.

Ek is vertroud met die inhoud van my verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die eed as bindend op my gewete.

LUITENANT
JOSEPH PETRUS WOENSDREGT

Ek sertifiseer dat die verklaarder vertroud is met die inhoud van sy verklaring en dit begryp. Die verklaring beëdig is en sy handtekening in my teenwoordigheid daarop aangebring was.

KAPTEIN
CAREL JACOBUS ADRIAAN VICTOR
Ampshalwe 'n Vrederegter in die
Republiek en Suidwes Afrika.

JOHANNESBURG
COMMISSIONER STREET
1982-03-26